

**8 November**

**Onbelyde sonde bly 'n muur**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 33:21-25**

**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 33:23**

Na Manasse se berou, vergifnis en terugkeer na Jerusalem, het hy groot werk vir die Here gedoen. Sy berou en die Here se genadige vergifnis het 'n lewensveranderende uitwerking op hom en die volk gehad. "Hy het die altaar van die Here herstel ... en opdrag gegee dat Juda die Here, die God van Israel, moet dien." Die volk het hom gevolg waar hy gelei het en nou weer offerandes op die hoogtes aan die Here gebring.

Met Manasse se dood het sy seun Amon hom opgevolg. 'n Mens sou wou glo dat Amon deur die foute van sy pa sou leer, maar dit was nie die geval nie. Hy het alles wat sy pa na sy berou en vergifnis opgebou het, weer afgebreek en afgodsdiens weer ingestel. So stapel Amon sy sonde voor die Here op.

Onbelyde en onberoude sonde is boustene wat al hoër kom lê tussen God en sy kind. Daarom is en bly sonde, wat nie bely word nie, 'n struikelblok vir elke gelowige in sy verhouding met die Here. Satan sal aanhou om ons aan ons onbelyde sonde te herinner. Deurdat Amon nie sy pa se voorbeeld van berou en belydenis gevolg het nie, het sy sonde later sy eie ondergang bewerk. Onberoude en onbelyde sonde byt jou later in die rug!

Ons moet onthou dat daar niks is wat ons vir God kan wegsteek nie. Hy sien, ken en weet alles! Wanneer die Here ons in die Onse Vader leer bid: "Vergewe ons ons skulde ...", dan sluit dit bewuste en onbewuste sonde in. Dus: wanneer ons om skuldvergifnis in berou en belydenis bid, moet ons ook bid: "Here, vergewe my die sondes wat ek nie eers weet ek doen nie." Hierdie bid om vergifnis is 'n daaglikse belydenis, berou voor die Here.

As ons aanhou om dieselfde sonde te doen, sonder om ware berou te hê en daarvan weg te draai, moet ons onthou dat sonde 'n vernietigende uitwerking het. Dit kan ook so wees in ons lewe. Wanneer ons dan bid om skuldvergifnis, staan naak voor God en plaas alles voor sy vergewende genadetroon neer.

*Sing: Psalm 32:1, 4 (2001-omdigting)*

*Ds. Human B Coetsee (Durban-Noord)*